AfriForum

# Herstel en versnel

## 2024

### Só maak AfriForum se takke en buurtwagte 'n verskil

# NOORDSTREEK

## Groter Pretoria-Noord

**Projek 1: Apiesrivier**
AfriForum se Apiesrivier-buurtwag het 'n massapatrollie saam met die SAPD en ander plaaslike veiligheidrolspelers aangepak.

**Projek 2: Noord van die berg**
Die Noord van die berg-tuinspan het 1 540 sakke vullis opgetel, 66 vragte rommel weggery en 'n totaal van 790 km afgelê tydens hierdie skoonmaakaksie.

**Projek 3: Bronkhorstspruit**
Die Bronkhorstspruit-buurtwag het sigbaarheidspatrollies onderneem en in samewerking met die Middelburg-tak 'n gedeelte van die N4-snelweg gepatrolleer wat tans geteister word deur die voorkoms van gereelde ysterpenlokvalle.

**Projek 4, 5 en 6: Groter Moot**
Die Groter Moot-buurtspan het bome gesnoei wat die sigbaarheid van verkeersborde in verskeie besige strate (insluitend Codonialaan, Hertzog-, en Ben Swartstraat) belemmer het. Dié buurtspan het ook veldgras langs die spruit in 30ste en 31ste Laan in Villieria gesny en padmerkers voor die Waverley Plaza-inkopiesentrum in Hertzogstraat geverf. Verf ter waarde van R26 000 is deur Libra Measuring geskenk vir hierdie projek.

**Projek 7 en 8: Wes-Moot**
Die Wes-Moot-buurtwag het op verkiesingsdag patrollie gery, terwyl die Wes-Moot-tak voorbrande naby die Coke-fabriek in Booysens gemaak het.

**Projek 9: Moreletapark**
AfriForum se Moreletapark- en Garsfontein-Faerie Glen-takke het saamgespan om middelmanne op Solomon Mahlangurylaan skoon te maak.

**Projek 10: Bronberg**
Die Bronberg-tak het deelgeneem aan AfriForum se Nasionale Brandkraanoudit. Die doel van hierdie oudit is om te bepaal hoeveel brandkrane sigbaar en in 'n werkende toestand is op plekke waar AfriForum takke het.


**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Groter Pretoria-Noord-streek kan gerig word aan:**
Sampie Steinberg
Distrikskoördineerder: Groter Pretoria-Noord
AfriForum
Sel: 081 217 6499
E-pos: sampie.steinberg@afriforum.co.za




# Groter Pretoria-Suid

**Projek 10, 11, 12, 13, 14 en 15: Centurion**
Die Centurion-tak se buurtspan het verskeie projekte aangepak en ’n skoonmaakaksie in Fjodstraat, Valhalla, afgehandel; die terrein by die grensmuur van die Eldo Urban-gebied in Eldoraigne skoongemaak; bome gesnoei wat die sigbaarheid van verkeerstekens op die hoek van Berenicia- en Lorraineweg belemmer; en die Centurion-begraafplaas in Hennopspark skoongemaak. Die Centurion-tak se buurtwag het op hulle beurt onwettige kennisgewingsborde verwyder en aan AfriForum se Nasionale Brandkraanoudit deelgeem.

**Projek 16: Pretoria-Wes**
’n Gevaarlike park in Danville is deur die Pretoria-Wes-tak opgeruim.

**Projek 17: Pionier**
Die Pionier-tak in Meyerspark het, in samewerking met die plaaslike SAPD en ander rolspelers in die veiligheidsektor, deelgeneem aan ’n spesiale operasie om spykerlokvalle en ander misdade in dié omgewing hok te slaan.

**Projek 18 en 19: Garsfontein-en-Faerie Glen**
Die Garsfontein-en-Faerie Glen-tak het ’n noodwaterpunt by die NG Kerk Valleisig in Faerie Glen opgerig en in samewerking met AfriForum se Pretoria-aksiespan middelmannetjies op Solomon Mahlangurylaan opgeknap.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Groter Pretoria-Suid-streek kan gerig word aan:**
Dewet Ungerer
Distrikskoördineerder: Groter Pretoria-Suid
AfriForum
Sel: 081 217 5440
E-pos: dewet.ungerer@afriforum.co.za



# Wes-Rand en Vaaldriehoek

**Projek 20, 21 en 22: Fochville**
Drie lede van die Fochville-tak het tydens die afgelope verkiesing opgetree as amptelike verkiesingswaarnemers by drie verskillende stemlokale in dié gemeenskap. Die tak het ook 15 liter verf ter waarde van nagenoeg R2 500 gebruik om spoedhobbels en drie brandkrane in Fochville te verf, en ook ’n trekker-graaflaaier (TLB) gehuur en die pad na die oorlaaistasie geskraap.

**Projek 23: Vanderbijlpark**
Die Vanderbijlpark-tak het tydens vier verskillende aksies ’n totaal van 17,77 ha gras gesny en 120 sakke vullis verwyder. Die opruimingsaksie is aangepak by die middelman voor die Herfsoord-aftreeoord, op die terrein agter die aftreeoord aangrensend aan die Barragepad en by Phoenixpark.

**Projek 24 en 25: Roodepoort**
Die Roodepoort-buurtwag het tydens die afgelope verkiesing sigbaarheidspatrollies in en om Roodepoort onderneem en op 1 Junie veiligheidsdiens gelewer by die Sentraal Gauteng Winterope-stoeikampioenskap wat in Menlopark aangebied is.

**Projek 26 en 27: Meyerton**
Patrolleerders van die Meyerton-buurtwag het opleiding in handwapenhantering ontvang en drie bestuurslede van die tak het as amptelike waarnemers tydens die afgelope verkiesing opgetree.

**Projek 28: Krugersdorp**
Die Krugersdorp-tak het gehelp om voorbrande by die Krugersdorp-wildreservaat te maak.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Wesrand-en-Vaaldriehoek-streek kan gerig word aan:**

Stephanus (Butch) Blignault
Distrikskoördineerder: Wesrand-en-Vaaldriehoek-streek
AfriForum
Sel: 081 300 6815
E-pos: stephanus.blignault@afriforum.co.za



# Oos-Rand

**Projek 29: Alberton**
Die Alberton-tak het die verkeerseilande by die kruising van Swartkoppiesweg met Jacquelinestraat en Garfieldweg skoongemaak.

**Projek 30 en 31: Brakpan**
Die Brakpan-tak het Vlak 1-noodhulpopleiding aangebied aan die personeel van Laerskool Dalpark en in samewerking met die organisasie Clean Brakpan ’n skoonmaakaksie in Minnebron afgehandel.

**Projek 32 en 33: Benoni**
Die Benoni-tak het tydens hul slaggatprojek 50 sakke teer gebruik om in Northmead, Farrarmere en Rynfield ’n totaal van 132 slaggate te vul. Die tak het ook loodgieterwerk by die iKhaya da Luz-pleegsorghuis vir kwesbare kinders in Benoni gedoen.

**Projek 34: Edenvale**
Die Edenvale-tak se buurtwag het ’n skoonmaakaksie aangepak en die terrein op die hoek van Terrace- en Andries Pretoriusweg in Eastleigh opgeruim. Die tak het die middelman van dié kruising opgeknap deur ’n bedding aan te lê en plaveisel te lê.

**Projek 35, 36, 37 en 38: Kempton Park**
Die Kempton Park-tak het jonk en oud deur hul verskeie uiteenlopende projekte bygestaan en ook veral op veiligheidskwessies gefokus. Die tak se mobiele gesondheidsentrum het gratis basiese gesondheidsdienste gelewer aan bejaarde inwoners van die Lenitas-aftreeoord in Boswellville en Herfsland- en Allenpark-aftreeoorde in Allen Grove. Die Zuurfontein-begraafplaas is ook skoongemaak en opgeknap. Op die gebied van veiligheid het die tak, in samewerking met die plaaslike SAPD en ander veiligheidsrolspelers, na feesgangers se veiligheid omgesien tydens die Padvindersbeweging (Scouts) se jaarlikse Kon-Tiki-vlotbyeenkoms by die Homestead-meer in Benoni. Daarbenewens het die tak ook ’n brandbestrydingsessie aan AfriForum-takke se brandspanne aan die Oos-Rand aangebied ter voorbereiding van enige moontlike onrus tydens die nasionale verkiesing.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Wesrand-en-Vaaldriehoek-streek kan gerig word aan:**


Jurie Ferreira
Distrikskoördineerder
AfriForum
Sel: 0812178579
E-pos: jurie.ferreira@afriforum.co.za




# Mpumalanga

**Projek 39, 40 en 41: Bethal**
Die Bethal-tak het ’n grassny-en-opruimingsprojek langs die N17-snelweg (van Tsibitso Sibanyoni- tot Wichtstraat) voltooi en vier verdere grassny- en skoonmaakaksies aangepak. Hiertydens is onder meer die rotstuin en terrein rondom die bruggie in Malherbestraat opgeruim, terwyl ’n onwettige stortingsterrein in Kieserstraat ook skoongemaak is. Die tak het voorts ook ’n totaal van 280 sakke teer ingespan vir hul slaggatprojekte in Tsibitso Sibanyonistraat en Begonialaan, en 20 nuwe straatligte in dié dorp geïnstalleer.

**Projek 42: Secunda**
Die Teks-tak (Trichardt-Evander-Kinross-en-Secunda-tak) het hul insette vir die Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit se jaarlikse Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) voorberei en ingedien. Hierdeur maak dié tak belangrike aanbevelings oor dit waarvoor die munisipaliteit moet begroot.

**Projek 43, 44 en 45: Delmas**
Die Delmas Valke-buurtwag het reusesukses gehad en ses gesteelde en gekaapte voertuie teruggevind. Die buurtwag het ook verskeie arrestasies gemaak en selfs ’n verdagte in ’n moordsaak vasgetrek. Daarbenewens het dié buurtwag ook in 12 afsonderlike gevalle mediese bystand verleen. Die Delmas-tak het op hul beurt hul insette vir die Victor Khanye Plaaslike Munisipaliteit se jaarlikse Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) voorberei en ingedien om sodoende aanbevelings te maak vir ontwikkeling- en instandhoudingsprojekte waarvoor die munisipaliteit moet begroot.

**Projek 46: Ermelo en Chrissiesmeer**
Die Ermelo-en-Chrissiesmeer-tak het die historiese begraafplaas op Chrissiesmeer opgeruim. Dié begraafplaas het ’n belangrike toerismewaarde vir dié dorp, maar die verval van die terrein benadeel egter toerisme daarheen. Die tak het ingespring en die terrein se gras gesny en grafte wat oorgroei was, skoongemaak.

**Projek 47: Standerton**
Op Standerton het dié plaaslike tak kennisgewingsborde in verskeie strate aangebring om swaarvragmotors uit die dorp se woonbuurte te hou.

**Projek 48: Middelburg**
Die Middelburg-tak het ’n uitgebreide projek vir die opknapping van die konsentrasiekampbegraafplaas op dié dorp voltooi. Die terrein is skoongemaak en die heining is herstel.

**Projek 49 en 50: Nelspruit**
Die Nelspruit-tak op Mbombela het die park in Melkwegstraat skoongemaak, gras gesny by die ingang na Nellsville sowel as die eiland in die kruising van Ferreirastraat en Dr. Enos Mabuzarylaan en die skouer van die Uitkykpad skoongemaak. Daarbenewens het die tak ook ingespring om groenstroke in Kremetartstraat op te ruim. Die gras is hier gesny en 45 sakke vullis is opgeruim.

**Projek 51: Lydenburg**
Die Lydenburg-tak op Mashishing het ’n grassnyaksie aangepak en gras in Chris Lombaardstraat gesny.

**Projek 52, 53 en 54: Machadodorp**
Die Machadodorp-tak op eNtokozweni het tien slaggate herstel, twee noodwaterpunte opgerig en tien sonkragligte geïnstalleer.

**Projek 55 en 56: Dullstroom**
Die Dullstroom-tak het die perseel van die Dullstroom-polisiestasie opgeknap en vier sonkragligte in die dorp opgerig.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in Mpumalanga kan gerig word aan:**
Arlo Van Heerden
Distrikskoördineerder: Mpumalanga Laeveld
AfriForum
Sel: 066 486 7609
E-pos: arlo.vanheerden@afriforum.co.za



Hennie Bekker
Distrikskoördineerder: Mpumalanga Hoëveld
AfriForum
Sel: 084 905 6415
E-pos: hennie.bekker@afriforum.co.za



# Limpopo

**Projek 57, 58 en 59: Naboomspruit**
Die Naboomspruit-tak op Mookgophong het stoptekens weer op verskeie straathoeke opgerig en padmerkers oorgeverf. Die tak het ook hul straatnaamprojek afgehandel waardeur nagenoeg 300 losstaande sementblokke met die straatname daarop as straatmerkers opgerig is. Voorts is 'n aantal slaggate in dié dorp herstel en die Naboomspruit-gholfbaan se vullis is verwyder.

**Projek 60 en 61: Warmbad**
In Bela-Bela het die Warmbad-tak die Apiesdoringparkie skoongemaak en slaggate in Gilfillanstraat reggemaak.

**Projek 62: Phalaborwa**
In Phalaborwa het dié plaaslike tak die dorp se ingang skoongemaak.

**Projek 63: Potgietersrus**
Die Potgietersrus-buurtwag op Mokopane het tydens die nasionale verkiesing observasiepunte beman om die veiligheid van kiesers en inwoners te verseker.

**Projek 64, 65 en 66: Groblersdal**
Op Groblersdal het die AfriForum-tak skietopleiding ondergaan, terwyl die Groblersdal-buurtwag noodhulpopleiding aangebied het en hul gebeurlikheidsplan geoefen het.

**Projek 67: Marble Hall**
Die Marble Hall-buurtwag het tydens die nasionale verkiesing observasiepunte in die dorp beman.

**Projek 68: Ellisras**
Die Beska-plaaswag buite Lephalale (Ellisras) het grondpaaie geskraap.

**Projek 69: Musina**
Die Musina-buurtwag het op 2 Junie die plaaslike begraafplaas beveilig sodat die publiek grafte kon besoek.

**Projek 70, 71, 72 en 73: Thabazimbi**
Op Thabazimbi het die plaaslike tak die dorp se straatname op randstene aangebring, die Thabapark tussen Van der Bijlstraat en 13de Laan skoongemaak en die dorp se reservoirs herstel. Die Thabazimbi-buurtwag het in samewerking met die plaaslike SAPD deelgeneem aan 'n veiligheidsoperasie.


**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in Limpopo kan gerig word aan:**
Hendrik Kotze
Distrikskoördineerder: Waterberg
AfriForum
Sel: 081 216 9570
E-pos: hendrik.kotze@afriforum.co.za




# SENTRAALSTREEK

## Hoogland

**Projek 74, 75, 76 en 77: Bethlehem**
Die Bethlehem-tak het ’n totaal van 4 km se gras op oop stukke grond in die dorp skoongesny en ’n aantal stormwaterdreine skoongemaak. Daarbenewens het die tak ook 66 sakke vullis opgeruim, terwyl die Bethlehem-buurtwag ’n totale afstand van 320 km afgelê het tydens hul patrollie waarby 68 buurtwaglede en 42 voertuie betrokke was.

**Projek 78, 79 en 80: Steynsrus**
Op Steynsrus het die plaaslike tak 21 sakke vullis rondom die poskantoor opgeruim, sypaadjies en oop velde in dié dorp skoongemaak en die Steynsrus-begraafplaas opgeknap.

**Projek 81: Reitz**
Die Reitz-tak – waaronder verskeie gesinne – het ’n skoonmaakaksie in die dorp aangepak en 25 sakke rommel opgeruim.

**Projek 82: Kroonstad**
In Kroonstad het die plaaslike tak 15 slaggate voor ’n plaaslike aftreeoord reggemaak.

**Projek 83 en 84: Welkom**
Die Welkom-tak het tien slaggate in dié dorp herstel en ook 40 sakke vullis opgeruim.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Hoogland-streek kan gerig word aan:**
Christa Ikking
Distrikskoördineerder: Hoogland
AfriForum
Sel: 066 486 7612
E-pos: christa.ikking@afriforum.co.za



# KwaZulu-Natal

**Projek 85 en 86: Pongola**
Die Pongola-tak het die pad op die hoek van Lucas Meyerstraat en die Karavaanparkpad afgeskort en verfraai. Die tak het ook 'n skoonmaakprojek aangepak en vullis in verskeie dele van die dorp opgeruim.

**Projek 87 en 88: Paulpietersburg**
Die Paulpietersburg-tak het gebeurlikheidsplanne ingestel om voor te berei vir moontlike protesaksies tydens die nasionale verkiesing. Die tak het ook verskeie patrollies voor en ná die verkiesing gery om die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

**Projek 89 en 90: Vryheid**
Die AfriForum-tak op Vryheid het gebeurlikheidsplanne ingestel om voor te berei vir moontlike protesaksies tydens die nasionale verkiesing. Die tak het ook verskeie patrollies voor en ná die verkiesing gery om die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

**Projek 91 en 92: Hluhluwe**
Die Hluhluwe-tak het gebeurlikheidsplanne ingestel om voor te berei vir moontlike protesaksies tydens die nasionale verkiesing. Die tak het ook verskeie patrollies voor en ná die verkiesing gery om die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

**Projek 93 en 94: Sodwana**
Die Sodwana-tak het gebeurlikheidsplanne ingestel om voor te berei vir moontlike protesaksies tydens die nasionale verkiesing. Die tak het ook verskeie patrollies voor en ná die verkiesing gery om die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

**Projek 95 en 96: Newcastle**
Die Newcastle-tak het gebeurlikheidsplanne ingestel om voor te berei vir moontlike protesaksies tydens die nasionale verkiesing. Die tak het ook verskeie patrollies voor en ná die verkiesing gery om die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

**Projek 97 en 98: Laer-Suidkus:**
Die Laer-Suidkus-tak het gebeurlikheidsplanne ingestel om voor te berei vir moontlike protesaksies tydens die nasionale verkiesing. Die tak se Port Edward- en Elyzium-buurtwagte het ook verskeie patrollies voor en ná die verkiesing gery om die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

**Projek 99 en 100: Midlands**
Die Midlands-tak het gebeurlikheidsplanne ingestel om voor te berei vir moontlike protesaksies tydens die nasionale verkiesing. Die tak het ook verskeie patrollies voor en ná die verkiesing gery om die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in KwaZulu-Natal kan gerig word aan:**
Eugene van Aswegen
Provinsiale koördineerder: KwaZulu-Natal
AfriForum
Sel: 076 427 1757
E-pos: eugene.vanaswegen@afriforum.co.za



# Marico

**Projek 101: Hartbeespoort**
Die Hartbeespoort-tak het vanaf 28 Mei tot 9 Junie patrollies in dié gebied gedoen. Nege voertuie sowel as 18 buurtwaglede het aan die patrollies deelgeneem en ’n totaal van nagenoeg 1 400 km is tydens die veiligheidsoperasie afgelê.

**Projek 102: Brits**
In Brits het dié plaaslike tak vanaf 28 Mei tot 9 Junie op gemeenskapsveiligheid gefokus. ’n Totaal van 1 211 km is afgelê tydens die patrollies waaraan 14 buurtwaglede met tien voertuie deelgeneem het.

**Projek 103: Mooinooi**
Die Mooinooi-tak het ’n skoonmaakaksie by Laerskool Elandskraal aangepak en sowat ’n hektaar op die terrein opgeruim. Vier AfriForum-lede het ingespring en nege sakke tuinvullis opgeruim.

**Projek 104 en 105: Rustenburg**
Die terrein by die ou kommando-gebou in Rustenburg is deur die plaaslike AfriForum-tak opgeruim. Elf sakke rommel is opgetel en lantanabosse is ook afgesny om sigbaarheid op die roete na die gebou te verbeter. Voorts het die tak ook padmerkers in die kruising van Lucasstraat en Watervallaan oorgeverf.

**Projek 106: Ventersdorp**
Die Ventersdorp-tak het hulle toegespits op veiligheid en vanaf 28 Mei tot 9 Junie patrollies onderneem waartydens vyf buurtwaglede met drie voertuie ’n totaal van 225 km afgelê het.

**Projek 107: Lichtenburg**
Op Lichtenburg het die AfriForum-tak binne net tien dae (vanaf 27 Mei tot 5 Junie) vyf ton teer ingespan om slaggate in Le Rouxweg te herstel.

**Projek 108: Zeerust**
Agt lede van die Zeerust-buurtwag het vanaf 28 Mei tot 9 Junie nagenoeg 1 350 km afgelê tydens buurtwagpatrollies.

**Projek 109: Coligny**
Die Coligny-tak het Voortrekkerstraat vir 12 dae aaneenlopend skoongemaak en vullis in dié straat opgeruim.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Marico-streek kan gerig word aan:**

Armand Viljoen
Distrikskoördineerder: Marico
AfriForum
Sel: 081 217 6568
E-pos: armand.viljoen@afriforum.co.za



# Mooirivier

**Projek 110, 111 en 112: Bothaville**
Die Bothaville-buurtwag het benewens hul deurlopende patrollies ook 110 slaggate in Bothastraat herstel. Hiervoor is nagenoeg 3,2 ton teer gebruik. Voorts het die Bothaville-tak ook plaveisel gelê op ’n verkeersirkel naby die ingang na Kgotsong en ’n totaal van 371 m² met 17 800 stene geplavei.

**Projek 113: Heilbron**
Op Heilbron het die plaaslike AfriForum-tak opruiming reg langs die munisipale kantoor onderneem en ’n terrein van nagenoeg ’n hektaar groot opgeruim. Vyftien halftonsakke vullis en gras is hier opgeruim.

**Projek 114: Parys**
’n Erf langs die nuwe inkopiesentrum op Parys is deur die AfriForum-tak hier skoongemaak.

**Projek 115 en 116: Klerksdorp**
Die Klerksdorp-tak het in samewerking met die Doringkruin-buurtwag (nie ’n AfriForum-buurtwag nie), die park in Doringkruin opgeknap. Die plaaslike buurtwagte het hul gereelde patrollies in die dorp voortgesit.

**Projek 117 en 118: Sasolburg**
Op Sasolburg het die plaaslike tak ’n reuse skoonmaakprojek aangepak en ’n terrein van meer as 11 495m² skoongemaak. Twee vragte vullis en bourommel is verwyder en bome is gesnoei. Op verkiesingsdag het die Sasolburg-buurtwag ook hul kant gebring toe 33 buurtwaglede ’n totaal van 395 man-ure lank gepatrolleer het en hiertydens 1 388 km afgelê het.

**Projek 119 en 120: Potchefstroom**
Die Potchefstroom-tak het die groenstrook langs die Mooirivier naby die KFC ontbos en indringer boomspesies verwyder en oorgroeide bome gesnoei. Die Potchefstroom-buurtwag se 194 lede het 44 ure lank gery tydens 19 patrollies waarin meer as 800 km afgelê is.

**Projek 121: Stilfontein**
Die Stilfontein-buurtwag het sewe patrollies aangepak waartydens nege buurtwaglede sowat 150 km in agt ure afgelê het.

**Projek 122: Viljoenskroon**
In Viljoenskroon het die plaaslike tak ’n stormwatersloot en ’n oop veld in Engelbrechtstraat skoongemaak. Lede verwyder uiteindelik ses sleepwaens en 20 sakke se vullis en gras.

**Projek 123, 124 en 125: Deneysville**
Die Deneysville-tak het teer aan die gemeenskap beskikbaar gestel vir die herstel van slaggate in dié dorp. Die gemeenskap het met ywer ingespring en 320 sakke teer gebruik vir die herstel van slaggate. Die tak het ook verskeie padmerkers in hierdie dorp oorgeverf en die terrein by die Deneysville-polisiestasie opgeknap.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Mooirivier-streek kan gerig word aan:**
Alta Pretorius
Streekskoördineerder: Mooirivier
AfriForum
Sel: 081 392 2071
E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za



# Stellaland

**Projek 126 en 127: Vryburg**
Die Vryburg-tak het gras by die plaaslike konsentrasiekampbegraafplaas gesny, vyf sakke rommel opgeruim en saam met leerders van die CVO Vryburg klimrame by dié skool geverf.

**Projek 128: Christiana**
Meer as ’n halwe hektaar se gras is in Christiana deur dié plaaslike tak gesny.

**Projek 129: Hertzogville**
Die Hertzogville-tak het 2,5 ton teer gebruik om 42 slaggate in die dorp te herstel.

**Projek 130: Delareyville**
Die Delareyville-tak het ’n verhoogde sigbaarheidspatrollie gehou waartydens vyf AfriForum-patrolleerders met vier voertuie ’n totaal van 71 km afgelê het.

**Projek 131: Wolmaransstad**
Ses patrolleerders van AfriForum se Wolmaransstad-tak het aan die tak se sigbaarheidspatrollie deelgeneem. Hulle het die patrollie in drie voertuie aangepak en 185 km afgelê.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Stellaland-streek kan gerig word aan:**

Jp Nel
Distrikskoördineerder: Stellaland
AfriForum
Sel: 081 217 1627
E-pos: jp.nel@afriforum.co.za



# Bloemfontein

AfriForum se takke in die Rosestad het saamgespan en op skoonmaakaksies, erfenisprojekte en veiligheid in dié stad gefokus.

**Projek 132 en 133: Bloemfontein – veiligheid**
Buurtwagte in Bloemfontein het ’n totaal van 5 320 km afgelê tydens hul uitgebreide veiligheidspatrollie waaraan 78 patrolleerders met 60 voertuie deelgeneem het. Verdere werk is ook onderneem aan die ontwikkeling van ’n AfriForum-skietbaan wat die opleidingsvermoë van AfriForum se buurtwag- en protospanlede sal verbeter.

**Projek 134, 135 en 136: Bloemfontein – erfenisprojekte**
Die beskerming van erfenisbakens in Bloemfontein lê AfriForum-takke na aan die hart en ondersteuning is gebied vir die bewaring van die Ou Presidensie, die President Brand-begraafplaas en die monument van die oorspronklike eienaar van die plaas waarop Bloemfontein later uitgelê is, Johan Nicolaas Brits. By die Ou Presidensie is ’n gebied van 1 223 $m^2$ skoongemaak, by die President Brand-begraafplaas ’n terrein van nagenoeg 18 000 $m^2$ en by Brits se monument sowat 108 $m^2$. Dit kom neer op ’n opknapping van 19 331 $m^2$ – oftewel die grootte van nagenoeg drie rugbyvelde!

**Projek 137, 138 en 139: Bloemfontein – skoonmaakaksies**
Skoonmaakaksies is aangepak by die Lucas Steyn-parkie in Heuwelsig, die C.M. van den Heever-park in Du Plessislaan in Langenhovenpark en die AfriForum-parkie in Jan Fiskaalstraat in Pellissier. ’n Totaal van meer as 39 000 $m^2$ is tydens hierdie aksies skoongemaak – nagenoeg 29 000$m^2$ is opgeruim by die C.M. van den Heever-park, sowat 7 800 $m^2$ by die Lucas Steyn-parkie en byna 2 500 $m^2$ by die park in Jan Fiskaalstraat.

**Projek 140: Bloemfontein – brandweerdiens**
Die vestiging van AfriForum se eerste privaat brandweerdiens in Bloemfontein was ’n hoogtepunt vir takke in hierdie stad. Enkele dae ná die bekendstelling van die nuwe brandweerdiens het die brandweerspan reeds ’n huisbrand gaan blus.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in Bloemfontein kan gerig word aan:**



Christo Groenewald
Distrikskoördineerder: Bloemfontein
AfriForum
Sel: 066 562 2014
E-pos: christo.groenewald@afriforum.co.za

# SUIDSTREEK

## Suid-Kaap

**Projek 141 en 142: Swellendam**
Die Swellendam-tak het 'n massapatrollie saam met die SAPD gehou. Klopjagte is ook in samewerking met die SAPD uitgevoer waartydens beslag gelê is op 600 liter drank, dwelms en kontant.

**Projek 143: Kannaland**
Die Kannaland-tak het watertoetse in Ladismith gedoen om die gehalte van die munisipale drinkwater te bepaal.

**Projek 144 en 145: Hessekwa**
Die Hessekwa-tak (wat Heidelberg, Albertinia, Witsand, Gouritsmond en Riversdal dek) het 'n skoonmaakprojek vir die jeug aangebied om vullis in die strate van Heidelberg op te tel. Vyf sakke vullis is met dié projek opgeruim. Die Albertinia-plaaswag en die Riversdal-buurtwag het op hul beurt verskerpte patrollies tydens die verkiesingsweek aangepak.

**Projek 146: George**
Op George het die plaaslike tak twee nuwe sonkragligte by die kerk op Noll, 'n dorpie nagenoeg 30 km buite Uniondale, geïnstalleer om veiligheid by die kerk te bevorder.

**Projek 147: Mosselbaai**
Tydens die week waarin die nasionale verkiesing gehou is, het die Grootbrakrivier- en Midbrak-buurtwagte verskerpte patrollies aangepak.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Suid-Kaap kan gerig word aan:**
Marthinus Erasmus
Distrikskoördineerder: Suid-Kaap
AfriForum
Sel: 081 216 9602
E-pos: marthinus.erasmus@afriforum.co.za



# Weskus

**Projek 148, 149 en 150: Durbanville**
Die Durbanville-buurtwag het hoë sigbaarheidspatrollies gedoen en saam met die plaaslike SAPD en ander weststoepassingsowerhede verskeie veiligheidsoperasies aangepak. Buurtwaglede was op stemdag betrokke by die beveiliging van stempunte en het ook etes aan SAPD-lede verskaf.

**Projek 151: Kaapstad-Noord – Bellville**
Kaapstad-Noord se Bellville-tak het ’n skoonmaakaksie in Bellville onderneem en die parkie en die terrein by die Bellville Christian Academy, langs die Baruch-aanbiddingsentrum, in Sydneystraat skoongemaak. Sluipslapers het die terrein betrek en die gebied was bestrooi met rommel. Die tak het die terrein opgeruim en die beskadigde skoolheining herstel.

**Projek 152 en 153: Kraaifontein**
Die Kraaifontein-buurtwag het ’n massapatrollie in samewerking met die plaaslike SAPD en ander instansies aangepak. Die buurtwag het ook op versoek van die SAPD deelgeneem aan padblokkades, deursoekings en verskeie blouligpatrollies.

**Projek 154 en 155: Malmesbury**
Die buurtwag op Malmesbury het saam met die SAPD en ander wetstoepassingsowerhede ’n aantal weke lank voor en na die nasionale verkiesing verskerpte veiligheidsoperasies en blouligpatrollies onderneem waartydens die dorp en die omliggende landelike gebied gepatrolleer is. Daarbenewens het die buurtwag ook vir die hele maand lank elke aand patrollie gery. Gedurende dié tyd is ’n taktiese hoofkwartier tot die buurtwag se beskikking gestel vanwaar alle operasies gekontroleer is.

**Projek 156: Matzikama**
Die Matzikama-tak (wat onder meer Vredendal, Vanrhynsdorp, Klawer, Koekenaap, Nuwerus en Lutzville insluit) het ekstra veiligheidsoperasies met die SAPD, die Verkeerspolisie en ander wetstoepassingsagentskappe onderneem. Blouligoperasies en padblokkades is uitgevoer. Tydens een padblokkade op die N7 het ’n verdagte met ’n gesteelde voertuig en ’n onwettige vuurwapen by die padblokkade aangedoen. Die AfriForum-protospan het blitsvinnig opgetree en die verdagte is ontwapen.

**Projek 157, 158 en 159: Weskus**
Die Hopefield-plaaswag het hul veiligheidsoperasies vir die week voor en week ná die nasionale verkiesing verskerp, operasies saam met die SAPD aangepak en deur middel van ’n taktiese hoofkwartier twee keer per dag radiotoetse gedoen om vinnige reaksie ten tyde van oproerigheid te verseker. Die Langebaan-buurtwag het op hul beurt ook ’n gesamentlike operasie met die SAPD uitgevoer waartydens ’n padblokkade gehou is. Buurtwaglede het ook tydens dié aksies veiligheidsinligtingstukke aan motoriste uitgedeel.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Weskus-streek kan gerig word aan:**


Johan Crous
Distrikskoördineerder: Weskus
AfriForum
Sel: 081 217 0150
E-pos: johan.crous@afriforum.co.za




# Boland

**Projek 160: Helderbergkom**
Die Helderbergkom-buurtwag sowel as die buurtwag se protospanlede het op 29 Mei ’n deurnagpatrollie gedoen om te verseker dat daar geen konfliksituasies by veral stempunte ontstaan nie.

**Projek 161: Overstrand**
Die Overstrand-tak het ’n parkie in Onrus se speelrame oorgeverf.

**Projek 162: Paarl**
In die Paarl het die plaaslike tak ’n selfverdedigingslypsessie aangebied om gemeenskapslede toe te rus met vaardighede om hulself in sekere algemene noodsituasies te kan verdedig.

**Projek 163 en 164: Stellenbosch**
Die Stellenbosch-buurtwag het saam met die Stellenbosch SAPD patrollies gery tydens die nasionale verkiesing. Die tak het ook weer eens ’n skrywe aan die munisipaliteit gerig oor plaaslike riviere se watergehalte.

**Projek 165 en 166: Strand**
Die Strand-tak het ’n gewilde toutrekbyeenkoms in dié dorp bygewoon om bewusmaking te skep oor die tak se werksaamhede. Die Strand-buurtwag het ook sy deurlopende patrollies in die tyd voortgesit.

**Projek 167 en 168: Worcester**
Die Worcester-tak en gemeenskapslede het gebrei dat dit klap om mussies en serpe vir minderbevoorregtes te maak en sodoende die ysige winterkoue ietwat meer draaglik te maak. Dié items is tydens ’n sopkombuisgeleentheid aan minderbevoorregtes uitgedeel.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Boland-streek kan gerig word aan:**


Jacques Benade
Distrikskoördineerder: Boland
AfriForum
Sel: 081 217 0008
E-pos: jacques.benade@afriforum.co.za




# Kalahari

**Projek 169, 170 en 171: Upington**
Die Upington-tak het drie sonkragligte aan die SAPD se Kameelstasie geskenk. AfriForum-lede het ook die installasie van die ligte hanteer en dit by die drie hoofingange na die stasie opgerig. Daarbenewens het die tak 320 paaltjies by parke in Rondom- en Borcherdstraat sowel as die waterpomphuisie geverf en 12 beskadigde paaltjies weer geplant. Vullis is ook op die terreine opgeruim en bome is gesnoei.

**Projek 172, 173 en 174: Keimoes**
Die Keimoes-tak het die terrein by die Keimoes-waterwiel skoongemaak, die toeriste-kleedkamers, die ontspanningsarea en parkeerterein opgeruim. Voorts het die tak ook sonkragligte aan Hoërskool Keimoes en die Keimoes Akademie geskenk en in samewerking met die SAPD op Keimoes ’n laerskooloudit by die Neilersdrift Primêre Skool onderneem.

**Projek 175: Kakamas**
Op Kakamas het die plaaslike tak ligte aangekoop wat by die ingang van die dorp se tuin, op die hoek van Augrabies- (N14) en Voortrekkerweg opgerig sal word.

**Projek 176, 177 en 178: Kamieskroon**
Die Kamieskroon-tak het sonkragligte met monteringstukke aan die plaaslike SAPD geskenk, vullis in die dorp se hoofstraat opgeruim en sonkragligte en groente aan die Merwehof-ouetehuis geskenk.

**Projek 179: Springbok**
Die Springbok-tak het sonkragligte met monteringstukke sowel as immuunversterkers en vitamines aan Huis Namakwaland geskenk.

**Projek 180, 181 en 182: Kathu**
’n Nuwe televisie is deur die Kathu-tak aan die Kathu-brandweer geskenk nadat die stasie se televisie onklaar geraak het. Die tak het ook sonkragligte met monteringstukke aan die brandweer geskenk en is tans besig met die oprigting van ’n noodwaterpunt op dié dorp.

**Projek 183: Kuruman**
Die Kuruman-tak het sonkragligte aan Hoërskool Kalahari en Laerskool Seodin geskenk om die impak van beurtkrag hier te beperk en veiligheid op die skoolterreine te bevorder.

**Projek 184: Williston**
Die Amandelhof-tehuis op Williston het groente en sonkragligte as geskenk van die Williston-tak ontvang.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in Kalahari-streek kan gerig word aan:**


Werner Strauss
Distrikskoördineerder: Kalahari
AfriForum
Sel: 081 217 1752
E-pos: werner.strauss@afriforum.co.za




# Oos-Kaap

**Projek 185, 186, 187 en 188: Port Elizabeth**
Die Port Elizabeth-tak in Gqebera het hoësigbaarheidspartrollies gedoen en in samewerking met ander veiligheidsrolspelers ’n massapatrollie in dié stad aangepak. Die tak en die nuutgestigde Colchester-plaaswag het, met die hulp van die Colchester KWIKSPAR, ’n nuwe kennisgewingbord aan die Kinkelbos Primêre Skool geskenk, dit opgerig en terselfdertyd ook tien bome by dié skool aangeplant.

**Projek 189 en 190: Uitenhage**
Die Uitenhage-tak op Kariega het hoësigbaarheidpartrollies onderneem en saam met verskeie ander plaaslike veiligheidsrolspelers ’n massapatrollie gedoen.

**Projek 191 en 192: Elliot**
Op Elliot het die AfriForum-tak hoësigbaarheidpartrollies sowel as ’n massapatrollie in samewerking met ander plaaslike veiligheidsrolspelers gedoen.

**Projek 193: Jeffeysbaai**
Die Jeffreysbaai-tak se kameraprojek is op dreef en die installering van tien nommerplaatherkenningskameras, vir die proaktiewe bekamping van misdaad in dié kusdorp, word tans gedoen.

**Projek 194: Oos-Kaap-steunkring**
Die Oos-Kaapse takke wat deel vorm van AfriForum se Oos-Kaap-steunkring het vinnig ingespring om gemeenskappe in Uitenhage by te staan wat deur die vloede hier geaffekteer is. Matrasse en ander noodvoorraad is ingesamel en aan persone in nood geskenk. Die steunkring het bewys dat samewerking kan verseker dat ’n groot verskil binne ’n kort tyd gemaak kan word.

**Medianavrae en fotoversoeke oor projekte in die Oos-Kaap kan gerig word aan:**

Wikus van der Walt
Distrikskoördineerder: Oos-Kaap
AfriForum
Sel: 066 486 7611
E-pos: wikus.vanderwalt@afriforum.co.za


